# TWINTIGSTE EEUSE LITURGIESE VERNUWING

## (2)

## Waarheen? Vorentoe of agteruit?

### Errata — eerste deel in „In die Skriflig", Jaargang 7, nr. 25

Op p. 10 eerste nuwe par. van bo af, moet lees: „L. Fendt onderskei liturgiek as deel van die praktiese teologie, wat sig o.a. moet rekenskap gee van die prinsipiële grondslae van die saak en ook moet help met die uitbou en opbou *van die liturgie,* van die liturgiewetenskap . . ." (verder korrek) — die gekursiveerde woorde het uitgeval).

Op p. 12, die eerste reël moet lees: „aanvaar is *as dié van die ganse Ortodokse Christenheid, met uitsondering slegs van die afgeskeie kerke aldaar.* Hy sien . . ." (verder korrek) (die gekursiveerde woorde moet „. . . as Christenheid", van die eerste reël en die eerste woord van die tweede, vervang).

5.3. *Die moderne liturgiese beweging*

5.3.1. *Algemeen*

Fendt tipeer die Oosters-konserwatiewe uitgang van die Middeleeue as 'n kommentaar by die liturgie van die tweede tot die vierde eeu na Christus. Hierdie „kommentaar" het steeds geweldiger onderstreep, sin aangedui en gesimboliseer en so tot die huidige volheid aangegroei. Waar daar 'n Gregorius die Grote ontbreek het en nog meer 'n Luther, daar is dié liturgie 'n voorbeeld daarvan hoedat 'n liturgie op 'n „natuurlike" wyse uitgroei.[25] Met ander woorde hier het ons 'n egalige gang van die oerkerk af tot vandag, sonder radikale onderbrekings, proteste en hervormings.

Is die Westerse weg-ontwikkeling, soos Fendt dit noem, nou vooruitgang of agteruitgang en verbastering? Vanuit Oosters-Ortodokse kant gesien is dit geen geregverdigde kritiek nie, maar eintlik 'n verlies van die ware en suiwere. Waar belydenis, leer en dogma so intiem in die liturgie verweef is, moet ons hier let op wat H. Bavinck sê: „Het Oosten blijven bij de theologie der Patres. Het Westen gingen echter verder".[26] Hy toon aan dat die Weste op die voetspoor van Augustinus die leer van die Filioque baie eksplisiet stel, nl. dat die Heilige Gees van beide die Vader en die Seun uitgaan. Dit vind ons in die simbool van die Sinode van Toledo ± 400. Op die derde sinode van Toledo in 589 is dit ingelas in die teks van die Constantinapolitanum of Nicaeno-constantinopolitanum soos Bakhuizen van den Brink dit noem.[27] Bavinck noem die bestryding van die Filoque deur die Ooste die laaste oorblyfsel van die subordinasie-gedagte. Hiervolgens gaan beide Seun en Heilige Gees gelykelik direk van die Vader uit, waardeur ortodoksie (leer) en mistisisme (gees en gevoel) dualisties, los, *langs mekaar,* te staan kom in 'n eienaardige verhouding wat kenmerkend is van die Griekse vroomheid. As die Ooste en

Weste in 1054 tot 'n finale breuk kom, speel hierdie verskille in leer en liturgie ook 'n baie belangrike rol.[28] Volgens Bavinck en die hele Weste is dit hier nie 'n geval van afdwaling en verval nie, maar van volharding in die suiwere lyn en verdere positiewe uitbouing en ontplooiing van die ou waarhede in besit van die kerk.

Hierdie gebrek aan uitbou en voortbou in die Ooste het gelei tot 'n sekere vorm van sakramentalisme, waarby die Woord mettertyd, veral in die sin van verkondiging („preek") heeltemal op die agtergrond geraak het en soms heeltemal verdwyn het. Ten spyte daarvan dat die Weste die Filoque so sterk gehandhaaf het en daarmee in die liturgie in beginsel steeds Woord en Gees aanmekaar gehou het, het sake tog mettertyd só verloop dat een van die grootste aanklagte van die Hervormers teen die Roomse Kerk die verwaarlosing van die Woord en prediking was. Daarom is Fendt reg as hy beweer dat die Hervorming in sy verskillende skakeringe liturgies baie skerp en radikale kritiek op Rome uitgeoefen het en juis teenoor Rome die Woord en prediking so sterk beklemtoon het.

Volgens Lescrauwaet gaan die Hervorming weer tot die ander uiterste oor sodat die sakrament op die agtergrond raak en in elk geval t.o.v. sy diepste betekenis verdwyn. Die prediker word die akademies gevormde spreker en die preekdiens word leerrede. Die Woord wat van sakrament en tradisie geïsoleer is in die prediking word s.i. des te makliker beïnvloedbaar deur en slagoffer van allerlei tydstrominge. Hierdeur word die erediens al meer en meer van sy waarde en betekenis beroof en lei dit in die negentiende eeu tot 'n krisis in die kerkdiens. Hieruit word volgens hom die Liturgiese Beweging gebore.[29]

Ons skryf Liturgiese Beweging nou hier met hoofletters omdat dit gewoonlik so gedoen word om dié beweging aan te dui wat in die tweede helfte van die negentiende eeu begin, veral in die Anglikaanse en Lutherse kerke. Soms hou dit verband met die sg. Hoogkerklike Beweging. 'n Parallelle beweging ontstaan en ontwikkel ook in die Rooms-Katolieke Kerk. Gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu ontwikkel dit ook baie sterk o.a. in die Nederlandse Hervormde Kerk.

As ons die moderne liturgiese beweging egter in sy volle breedte en diepte wil raaksien en ontleed, mag ons nooit vergeet dat daar 'n derde parallel, soms voorganger, in die tweede helfte van die negentiende eeu was nie. Algra noem dit *„Het Wonder van de negentiende eeuw van vrije kerken en kleine luyden"*.[30] Hieronder sluit hy die Puriteine, die Réveil, die Afskeiding in Nederland, die Skotte, die Non-konformiste in Engeland, die Christian Reformed Church in Amerika, die Doppers in Suid-Afrika en die Doleansie in Nederland almal in. Hierdie „afgeskeie" kerke het in die meeste gevalle geen aandeel in die Liturgiese Beweging gehad nie en word daarom dikwels as liturgies-stagnant en onverskillig beskou.

Die opvatting is totaal mis want in die meeste gevalle het die afskeidingsbeweging onder die gewone kerkvolk *juis by die liturgie* begin en vandaar ook 'n geweldige stukrag verkry en behou. Soos reeds genoem was die liturgiese kwessies die punt van die ysberg,

vir die gewone kerkvolk in elk geval die sigbaarste en voelbaarste rede vir afskeiding of doleansie.

Onder die Engelssprekendes oor die hele wêreld bereik hierdie beweging so 'n omvang dat die sg. Vrye kerke 21 miljoen lidmate tel teenoor die 4 miljoen van die Anglikaanse Kerk. Hier kry ons heelwat spontane liturgiese vernuwing, bv. in die lied,[31] maar by ander „afgeskeie" kerke 'n konserwatiewe, maar besielde, teruggrype na die rykdom van die Hervorming, soos bv. beliggaam in die tyd van die Sinode van Dordrecht 1618—19.

Die moderne liturgiese beweging (in breër sin) bestaan dan o.i. uit drie parallelle dele, nl. die Liturgiese Beweging (in enger sin soos hierbo gestel), die „afskeidingsbeweging" wat uitloop op die ontstaan van die sg. „vrye" kerke en die liturgiese aksie en ontwikkeling binne die Rooms-Katolieke Kerk. Gesamentlik staan hierdie drievoudige beweging in 'n sekere sin teenoor die stil-gestadige „natuurlike" ontwikkelingsgang in die Oosters-Ortodokse Kerke. Selfs hier is daar ook 'n sekere mate van hervorming (Fendt, h.a. S. Zankow). Lg. beweer in sy boek *„Das orthodoxe Christentum des Ostens"* (1928) dat die prediking wel in daardie kerke in noodtye verwaarloos is, maar nou weer in alle Ortodokse Kerke sy regte plek as wesentlike deel van die godsdiens ontvang het. Die Ortodokse Kerke erken egter nie die prediking as 'n „sakrament van die Woord" nie; gee dit ook nie die taak om die Bybel leerstellig te verklaar nie, maar sien dit veral as „opbou". Die prediking staan nie in die sentrum van die godsdiens nie. Die diens van die altaar is daar primêr. Lg. is vanself ook prediking en ook die ikone doen preekdiens.[32]

Dwarsoor die wêreld is daar dus een of ander liturgiese aksie en beweging. Hiervan moet ons deeglik kennis neem, om in ootmoed volgens Skrif te kan oordeel in hoeverre ons hier te doen het met die vrug van die Heilige Gees en in hoeverre daar sondige en verkeerde ontwikkeling was. Hierby kom dan steeds die vraag na vore: moet ons vorentoe na die Voleinding of agteruit en tot waar? Tot by Dordt, tot by die na-apostoliese jong Kerk, tot by Israel, tot by Adam en Set (teenoor Kain) of tot by God Drie-enig Self?

Van belang is om hierby te let op die moderne invloede in die wêreld wat ook binne die Kerk 'n belangrike rol speel. Jonker stel dit soos volg: i) A.g.v. tegniese kommunikasiemiddels is alle (ook kerklike) lokalisering opgehef en almal het wêreldburgers geword; ii) die ekumeniese beweging ontstaan uit bekommernis oor die kerklike gespletenheid; iii) die wêreldpolitiek loop uit op 'n religieuse teenstelling (teenoor die Kommunisme die Kerk) wat ook weer die erediens aktualiseer; iv) die reaksies op die apostolêre werk van die Kerk in verband met die roeping van die kerk teenoor die wêreld; v) die moderne eksistensiële besef in die Kerk wat nie meer tevrede is om blote „hoorgemeente" te wees nie; vi) die moderne jeug soek na nuwe vorme en streef en verlang na die eenheid om die nagmaaltafel.[33] Hierby moet ons voeg dat Algra tereg die aandag daarop vestig dat die groei en ontplooiing van die „ware demokrasie",

die opkoms van die gewone man, baie intiem in verband staan met die ontstaan van die „vrye" kerke in die negentiende eeu.[34]

Verder noem Algra nog die nasionale moment,[35] wat ook deur Landwehr al eerder aangedui is.[36] Die nasionale, veral t.o.v. die taal, vorm lankal 'n belangrike moment in die kerklike en by name liturgiese ontwikkeling. Dit speel 'n rol in die skeiding tussen die Latynse en die Griekse Kerk (1014); in die Oosters-Ortodokse Kerk self (soos reeds genoem); in die Hervorming o.a. by die ontstaan van die Anglikaanse Kerk; verder vandag veral in die opkoms van die sg. ontwikkelende lande. Op die laaste element vestig H. du Plessis op 'n besondere wyse die aandag wanneer hy praat van 'n nuwe deurbraak en van 'n „eie, maar nie tweede" kerk vir die Bantoes nie.[37] Met „nuwe deurbraak" bedoel hy dat die Weste nie meer soos vir baie eeue die eintlike wêreld is nie „en alle godsdienstig en histories georiënteerde beskouinge wat slegs om die Weste sentreer, is iets van die verlede". Daarvolgens verouder en verval eintlik Latourette e.a. se tipering van onafhanklike kerklike bewegings onder andere die Bantoe in Afrika.[38] Hy praat van hulle as onheilspellend, geskei van die bestendigende invloed van die sendelinge van die ouere kerke.

Die positiewer standpunt van S. Neill word volledig uitgewerk deur D. B. Barret,[39] wat in Afrika nie net skisma sien nie, maar ook vernuwing. Hy skryf hierdie separatisme ook nie net soos Sunkler[40] hoofsaaklik aan anti-blanke politieke motiewe toe nie, maar bring dit in verband met die verskyning van die Bybel in die eie taal onder die verskillende Afrikavolke.

Du Plessis stel die feit dat die gewone liturgie van die Protestantse kerke die Bantoe nie bevredig nie. Of dit altyd so was, is 'n oop vraag. Dit bly egter 'n feit dat die liturgiese tuisvoel van die Bantoevolkere in die Kerk intiem saamhang met gebruik van hulle eie taal en lewensstyl in die erediens. Hoewel nòg Sunkler nòg Barrett spesiaal-sistematies aandag aan die liturgie gee, staan dit vas dat by hierdie afskeidinge van die Westerse kerke die liturgie weer 'n beslissende rol speel. M.a.w. as ons volledig wil wees dan moet ons hier naas die reeds genoemde drie 'n vierde „afdeling" van die moderne liturgiese beweging erken.

Die nasionale moment in die liturgiese ontwikkeling is op sigself niks nuuts nie, soos bv. Baumstark aangedui het. Dit is die godgegewe nie-sondige verskeidenheid en veelvuldigheid in die Kerk, soos genoem in par. 4 hierbo. Dit kom deur die eeue steeds meer en meer tot ontplooiing, maar verkry in ons tyd die besondere aksent van nie-Westers, omdat vir soveel eeue die Kerk in baie opsigte as 'n Europese verskynsel aangesien is en ook dikwels assodanig opgetree het.

Hierdie ontplooiing, veral liturgies, van die nie-Westerse volke in die Kerk kom dan daardeur ter tafel as 'n sendingprobleem, nl. dié van ver-inheemsing („indigenization") waarby ons later weer stilstaan. Hierby sal ons dan vind dat die leerstellige verskille, wat uitloop of skeiding en hervorming, gekruis word deur die nasionale verskille van taal en lewensstyl. M.a.w. die sondige *ge*skeidenheid

van die Kerk en die nie-sondige *ver*skeidenheid loop soms saam (parallel) bv. in die ontstaan van nasionale kerke om leerstellige redes, maar in ander gevalle weer oorkruis en dwars. In die Bybel het ons 'n Hebreeuse Ou Testament en 'n Griekse Nuwe Testament, dus ook al hier 'n voorbeeld, die aartsvoorbeeld, van nie-sondige verskeidenheid wat die eenheid van die Kerk nie ophef nie, maar ten diepste verryk.

Voordat ons saaklik op die liturgiese probleme ingaan bespreek ons kortliks nog een en ander oor sommige punte in die loop van die moderne liturgiese beweging, met die oog daarop dat ons uiteindelik nader aan eie huis wil kom, nl. tot die-hand-in-eie-boesemsteek m.b.t. die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika t.o.v. sy posisie, taak en roeping op liturgiese gebied en wel in verband met die Kerk van die twintigste eeu. (Met Kerk bedoel ons tot sover die Kerk van Christus in onkritiese sin. D.w.s. ons aanvaar alle institute wat hulle aanbied, volgens eie oordeel, as Kerk van Christus of as deel daarvan. Met liturgie bedoel ons die hele inrigting van die erediens, volledig in sy verband met die hele lewe van die gelowiges.)

5.3.2. *Die Liturgiese Beweging in die Nederlandse Hervormde Kerk.*

Dit is opvallend dwarsdeur die geskiedenis dat altyd wanneer reformasie en afskeiding plaasvind, daar ook 'n reaksie kom in die agterblywende deel van die betrokke kerk. Dit is asof die skok van afskeiding ook terugwerkend van krag is en veroorsaak dat aandag gegee word aan die foute en misstande, wat reformasie en uiteindelik afskeiding nodig gemaak het. By die skeiding van Ooste en Weste in 1014 was dit miskien die minste merkbaar, maar by die Hervorming vind ons die radikale Kontra-reformasie by Trente. Hier word die sake waarteen beswaar gemaak is eintlik geyk en bevestig, ook liturgies soos deur Fendt gestel. By die Nadere Reformasie, soos Algra die ontstaan van die sg. Vrye kerke in die negentiende eeu noem, vind ons egter mettertyd by die agterblywendes in 'n sekere mate ook pogings en aksies tot hervorming. Dit geskied egter in 'n gans ander rigting as by die afgeskeidenes. Dit vind ons in die sg. Hoogkerklike Protestantisme wat op die grondslag van die slagwoord van dr. Ph. J. Hoedemaker: „Heel de kerk en heel het volk" voortbou; verder ook in die Hoogkerklike Beweging van prof. Fr. Heiler in Duitsland, waarby ook dergelike bewegings in ander Europese lande genoem kan word, asook die Oxford Movement (1833—1845) in Engeland. Hierdie hoogkerklike strewe het in beperkte sin, volgens dr. L. D. Terlaak Poot, die impuls geword tot oprigting omstreeks 1920 van die Liturgiese Kring in Nederland, wat na liturgiese vernuwing streef.

Die voorsitter van die kring, prof. dr. G. van der Leeuw, stel die sakrament as sentrum van die erediens. Teenoor hom staan O. Noordmans wat die voorrang van die preek bepleit.[41] Die Kring pleit vir 'n deurbraak van die Hervormde isolement na „de ganse Kerk als het ongedeelde lichaam van Christus" en vir 'n erediens wat

„hervormd-katholiek" genoem sou kon word. Die liturgiese beweging „wil beslist reformatorisch en gereformeerd zijn. Het katholieke komt vóór het reformatorische: ecclesia reformanda quia reformata. Tegenover het piëtistisch rationalistisch verleden betekent de beweging tot herstel een *terugkeer tot de Kerk als Lichaam van Christus;* tegenover het puritanisme een *terugkeer tot de sacrament;* tegenover het calvinisme en rooms-katholicisme een *terugkeer tot de oorsprongen:* de oud-christelijke eredienst en het nieuwe testament".[42] (Kursivering van my, DM). Hier is dus 'n teruggaan na die verlede en wel teenoor die individualisme wat die lidmaat los maak van sy innige verband met sy medelidmaat in Jesus Christus; teenoor die preek-isme wat die sakrament totaal verwaarloos; en in sekere sin ook teenoor die teologiese en kerklike leerstellige opbou wat ons by die Calvinisme en Rooms-Katolisisme vind.

Mettertyd kom die saak op die tafel van die Generale Sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk. In 1950 en in 1955 word 'n ontwerp-Diensboek aan die kerkrade beskikbaar gestel, analoog met die Common Prayer Book van die Anglikaanse Kerk, die Book of Common Order van die Skotse Kerk en die Book of Common Worship van die Presbiteriane in die V.S.A.[43] Volgens die inleiding van die Diensboek is daarna gestreef om aan drie gesigspunte reg te laat geskied: i) om die moontlikheid tot gemeenskap met ander kerke op die gebied van die erediens te open; ii) om gebede en formuliere as uitdrukking van die belyde van die kerk noukeurig te toets aan Skrif en belydenis van die Nederlandse Hervormde Kerk; iii) soveel moontlik aan te sluit by die histories-gegroeide liturgie, veral dié van die Reformasie.[44] M.a.w. hier het dus die ekumeniese, die Skriftuurlike-en-konfessionele en die historiese motiewe gegeld.

Die Diensboek gee vyf alternatiewe ordes vir die erediens, en daarin ook 'n verskeidenheid van formuliere. Prinsipieel is daar in sekere sin heelwat kompromieë tussen die gedagtegange wat aanvanklik sterk teenoor mekaar gestaan het in Van der Leeuw en Noordmans. Verder moet in gedagte gehou word dat die Nederlandse Hervormde Kerk na die Tweede Wêreldoorlog in baie opsigte groot veranderinge ondergaan het, o.a. deur 'n nuwe kerkorde te aanvaar.

### 5.3.3. *Liturgiese veranderinge in die Gereformeerde Kerken in Nederland*

Ons moet hier onthou dat bg. kerk die vrug van die Afskeiding in 1834 en van die Doleansie in 1886 is. Waar die liturgiese kwessies veral in 1834 so 'n deurslaggewende rol gespeel het, het ons hier te doen met liturgiese vernuwing of herbelewing deur algehele kerkreformasie, die derde parallel genoem in 5.3.1. hierbo. Treffend dat die parallellie ook in gelyktydigheid openbaar word: in 1911 verskyn A. Kuyper se „Onze Eeredienst" en, heeltemal los daarvan, begin ds. J. H. Gerritsen in die Nederlandse Hervormde Kerk met sy liturgiese eksperimente. Die verskil is dat Kuyper herbelewing en verantwoording bepleit en Gerritsen radikale verandering.

Tog word in 1920 op die Generale Sinode aan deputate opdrag

gegee om die liturgie in die algemeen te oorsien en indien nodig te hersien. Volgens Fr. de Jong bevat die rapport van die deputate op die Sinode van 1923 voortreflike voorstelle.[45] (Ongelukkig kon ons nie die rapport ter insae kry nie). Nogtans word besluit om geen verandering in die liturgiese orde aan te bring nie en die voorstel van 'n verkorte nagmaalsformulier word verwerp.

In 1956 ontstaan daar 'n „Werkgroep voor Liturgie" en op die Sinode van 1965—66 word 'n nuwe liturgiese orde aanvaar. In hoeverre die skeuring in die kerk met die sg. Vrymaking in 1944 hierin 'n rol gespeel het, is moeilik om te bepaal. Dit mag wees dat die uittrede van die „Vrygemaaktes" teenoorgestelde rigtinge in die Gereformeerde Kerken meer invloed laat bekom het.

In die nuwe orde[46] word as uitgangspunt gestel dat liturgie „samendoen" is. Verder geld veral vier motiewe: die Skriftuurlike, die historiese of ekumeniese, die konfessionele en die pastorale. Die groot aantal variasies in die liturgiese orde 'n aantal jare voor die beslissende sinodes word die belangrikste oorsaak genoem waarom die hele saak weer in studie geneem moes word.

(Dit lyk of hier iets soortgelyks in die Gereformeerde Kerken in Nederland aan 't ontwikkel was, as die eksperiment om alles oor te laat aan „the unaided individuality of the minister" in die Calvinistiese kerke van Groot Brittanje en die V.S.A. C. W. Baird het reeds in 1856 vir reformasie op die gebied gepleit.[47] Hy wil deur reformasie beide formalisme en wanorde vermy.) Die leerstellige nagmaalsformulier is afgeskaf, 'n koor of sanggroep word toegelaat en die groot gebed tussen Skriflesing en preek is verplaas, omdat dit die liturgiese gang sou benadeel. Verder is daar nog heelwat kleiner veranderinge.

(By 'n diens in 'n Gereformeerde Kerk wat ek kon bywoon in 1969 staan die preekstoel weer aan die kant van die kerk en 'n tafel met kerse voor in die middel van die kerk. Die liturg lei die diens aanvanklik van agter die tafel en gaan eers vir die preek self op die preekstoel.)

### 5.3.4. *Die Liturgie in die drie Afrikaanse kerke in Suid-Afrika*

Van groot belang is hier dat een van die drie Kerke, die Gereformeerde, 'n „afgeskeie" kerk is en die ander twee nie. Aan die ander kant staan die Nederduits Gereformeerde Kerk tans saam met die Gereformeerde Kerk in korrespondensie met die Gereformeerde Kerken in Nederland, terwyl alleen die Nederduits Hervormde Kerk alhier kontak onderhou met die Nederlandse Hervormde Kerk.

Die prominentste verskil tussen die „afgeskeie" of „herstigte" Gereformeerde Kerk en die ander twee van wie afgeskei is, is die liturgiese kwessie m.b.t. die Gesange. Ons moet daarop let dat dit hier gaan om die Woord: wat sê die *woorde* wat gesing word en waar hulle vandaan kom. Verder is dit van groot belang dat die N.G. en die Hervormde Kerke by die Afrikaanse vertaling van die Gesange 'n hele aantal waaroor daar stryd was, hersien of verwyder het. Op die oomblik is daar weer so 'n sifting aan die gang. Aan die ander

kant het die Gereformeerde Kerk intussen 'n aantal Nieu-Testamentiese Skrifberyminge by sy psalmboek bygevoeg. In hierdie opsig beweeg die kerke na die afskeiding na mekaar toe. Die taalband tussen die drie Afrikaanse kerke speel hier seker nie 'n onbelangrike rol nie: Bybelvertaling, psalmberyming en formuliere- en belydenisvertaling is nog altyd saam gedoen.

Verder kan seker met reg gestel word dat al drie Afrikaanse kerke in die algemeen liturgies-konserwatief is. So iets soos 'n Liturgiese Beweging het hier nog nie ontstaan nie, hoewel die liturgiese kwessies aandag geniet by die Teologiese Werkgemeenskap vir die amptelike vakke. Die vraag na eenheid en die probleem van leë kerke wat in die inleiding geneem is, brand almal. Daarvan getuig verskillende publikasies in die verband.[48]

Hierdie konserwatisme is egter geen stagnasie nie, hoewel daar seker by aldrie kerke 'n behoefte mag bestaan dat lidmate meer liturgies bewus sal word en liturge groter liturgiese deeglikheid en verantwoordelikheid aan die dag sal lê.

Vanaf die eerste sinode van die Gereformeerde Kerk in 1862 word die Openlike Verklaring, wat beslis eie standpunt stel *en* nooi tot en bid vir herstelde kerklike eenheid gelees. Die verklaring meld dat die liturgie van die Dordtse Sinode gehandhaaf word. Interessant is dit dat elke sinodale vergadering op die wyse ook gebind word aan die Dordtse liturgie, maar dat die liturgie nie genoem word in die ondertekeningsformuliere van ampsdraers en in die konsep-kredensiebrief vir afvaardiging na meerdere vergaderings nie.

Vanaf 1862 gee die Gereformeerde Sinodes telkens aandag aan liturgiese sake. Belangrikste is seker die aanvaarding van die Skrifberymings in 1942, verder die vertaling van die formuliere in Afrikaans, (saam met die ander twee Afrikaanse kerke) die hervasstelling van die liturgiese orde in 1927, die weer in oënskou neem na studie van die orde in 1952 en 1955, sonder enige wesentlike verandering. In 1957 verskyn in opdrag van die Sinode van 1955 prof. dr. J. P. Jooste se „Kom in sy voorhowe",[49] wat veral ten doel het om die lidmate van die kerk liturgies bewus te maak. Ook hier het ons weer 'n interessante ooreenstemming van datums: óók in 1955 ontstaan in die Gereformeerde Kerken in Nederland die Werkgroep voor Liturgie, maar ook hier is die resultaat verskillend. In Suid-Afrika word liturgiese belewing en bewuswording beoog *sonder verandering,* in Nederland loop dit uit op *radikale verandering.*

In 1964 word die liturgiese formuliere in baie vereenvoudigde Afrikaans uitgegee vir gebruik op die sendingveld. In 1973 word, weer na samewerking met die ander twee Afrikaanse kerke, 'n minder latinistiese, meer moderne vertaling van die formuliere in Afrikaans aanvaar en net daarna is besluit, nadat dit op 'n hele aantal sinodes voorheen afgestem is, om die liturgiese formuliere te verkort, ook weer, indien moontlik, saam met die ander Afrikaanse kerke.

Van belang is om net hier volledigheidshalwe te noem dat 'n vertaling van die liturgiese formuliere in verskeie Bantoetale ook deur die drie Kerke saam aangepak en byna voltooi is. Eenparig

is die beleid aanvaar om die formuliere in hulle ou vorm onveranderd te vertaal, met die gedagte om die kerklike erfenis onverkort deur te gee en dit aan die jong kerke oor te laat om self mettertyd te verander as hulle behoefte het.

Waar liturgiek aan beide Teologiese Skole van die Gereformeerde Kerk deur al die jare heen, miskien noodgedwonge, slegs 'n eenjarige studievak was, is dit in die jongste tyd verander na twee jaar. Dit gee vir die eerste keer geleentheid om die geskiedenis van die liturgie en die hedendaagse liturgie van ander kerke vollediger te behandel.

By die Nederduits Gereformeerde Kerk vind ons 'n soortgelyke stand van sake. Die Sinode van die N.H. of G. Kerk van S.A. gee in 1957 aandag aan liturgiese sake. Die Sinode van Suid-Transvaal verwys dit in 1963 na die Algemene Sinode, ook die verkorte nagmaalsformulier. Die Algemene Sinode van 1966 gee baie deeglike aandag aan die liturgiese orde. Van besondere belang is die studie van die aard en doel van die aanddiens, die tweede diens op die Sondag. In hoofsaak word die huidige liturgiese orde gehandhaaf. Interessantste is die byvoeging van verootmoediging-en-skuldbelydenis en daarop genadeverkondiging as aparte liturgiese items in die erediens. Verder is van belang dat kerkrade gemaan word om toe te sien dat die heiligheid van die nagmaal nie geskend word nie. Lidmate van ander Protestantse kerke moet vooraf toestemming by die N.G. Kerkraad kry by wie hulle wil aansit.[50]

Ook die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het op sy Algemene Vergadering van 1973 'n baie deeglike en breedvoerige studierapport van sy Raad vir Belydenis en Liturgiese Geskrifte behandel. Die erediens is die vernaamste en sentraalste gestalte van die gespreksverkeer tussen God en die mense, maar die hele Christelike godsdiens word nie vasgevang en opgeneem in die erediens nie. Vir koorsang en solosang is daar nie 'n plek in die Reformatoriese erediens nie. Skuldbelydenis en genadeverkondiging moet aparte items in die liturgiese orde wees. Die prediking is die sentrale element van die erediens. Die aantal hoofpunte uit die rapport toon aan hoedat hier ook 'n Reformatoriese konserwatisme aan die woord is, sonder om te verval in tradisionalisme en stagnasie.[51]

(Met die stelling dat koorsang nie in die Reformatoriese erediens pas nie, stem die Ned. Geref. Kerk nie saam nie, en ook nie die Gereformeerde Kerken in Nederland in 1965—66 nie.)[52]

### 5.4. *Die „leek" in die liturgie. Klein kerkies in groot stede*

#### 5.4.1. *Algemeen*

Heel aan die begin van hierdie studie het ons die probleem gestel van leë kerke, leeg omdat die erediens vir die lidmate geen betekenis en aantrekkingskrag meer het nie. Dit het òf 'n seremoniële priestergedoente òf 'n droë, vervelige predikantegepraat geword. Om die kerke dus weer vol, lewendig en aktief te kry moet die verhouding tussen lidmaat en liturgie weer reg gestel word. Die liturgie mag nie net 'n saak van die liturg wees nie, maar die lidmaat

moet ten volle daarby betrek wees en sy aandeel daaraan hê. Hiertoe is al allerlei snaakse eksperimente gemaak, wat miskien tydelik 'n opflikkering in die belangstelling van die lidmate mag veroorsaak maar op die lang duur ook niks vermag nie.

Die nuwe liturgie van die Gereformeerde Kerken in Nederland neem as uitgangspunt dat liturgie „saamdoen" moet wees. Dit is in prinsiep reg. Maar dan moet ons vir ons baie volledig rekenskap gee van beide begrippe, nl. wat is „saam" en wat verstaan ons alles onder „doen". Dit is bv. heeltemal verkeerd om te beweer dat iemand wat luister niks doen nie; luister kan soms die verkwikkendste en tegelykertyd vermoeiendste menslike aktiwiteit of „doen" wees. Hierop kom ons terug in die volgende paragraaf.

Vooraf moet ons ons hier eers duidelik rekenskap gee van hoedat die liturg en die lidmaat *saam in die Kerk* is, of saam behoort te wees. Hulle mag nie teen mekaar te staan kom nie. In die geskiedenis het dit helaas dikwels gebeur en selfs gegroei tot vyandskap waar die lidmaat in kerkregering en in liturgie verlaag is tot „leek". Dit gaan soms selfs sover dat die ampsdraer eintlik die Kerk word. In die Rooms-Katolieke Kerk kom later selfs 'n private mis voor waarby geen lidmate teenwoordig is of hoef te wees nie. Dit is eintlik die volle konsekwensie van 'n hele aantal faktore. Bloot liturgies beskou is dit die klimaks van 'n geleidelike ontwikkeling: aanvanklik het die liturg die erediens gelei met sy gesig na die gemeente; later doen hy dit met sy rug na hulle; die afskorting van die sg. liturgiese ruimte in die kerkgebou word al skerper; die gemeente verder teruggestoot totdat hulle naderhand by die deur uit is, indien nie liggaamlik nie, dan dikwels wel geestelik. Die lidmate word in die erediens net toeskouers of hoogstens passiewe toehoorders. Hier is dus geen sprake meer van saamwees nie.

Dwarsoor die wêreld groei die besef dat dit totaal verkeerd is. Aan die een kant vind ons van tyd tot tyd allerlei spiritualistiese rigtings wat die besondere ampte in die Kerk verwerp en sodoende probeer om die gewone mense elkeen 'n geleentheid in die kerkregering en erediens te gee. In die Rooms-Katolieke Kerk word pous en volk verbind terwyl die kerklike hierargie tussenin in 'n sekere sin uitgeskakel word. Die Oosterse Ortodokse Kerk beroem hom daarop dat die leke nooit so vervreemd is van hulle liturgiese funksie, as in die Westerse kerke nie. Die Wêreldraad van Kerke het 'n spesiale „Department on Laity", wat die hele saak intensief bestudeer. Sy publikasie „The Layman in Christian History" gee 'n waardevolle oorsig en belangrike insigte.[53]

Uiteindelik kom almal weer by die Oer- of jong Kerk van die eerste eeue as model en norm uit. H. Kraemer meen dit is absoluut noodsaaklik dat daar 'n teologie van die lekedom ontwikkel en uitgewerk moet word. Hy meen dat die woord „leek" afkomstig is van die Griekse *laïkos,* wat oorspronklik beteken het „behorende tot die laos, die uitverkore volk van God". Die woord is later geïdentifiseer met die Griekse woord *idiotès,* „ongeleerd" en „onkundig". Volgens hom is reeds aan die einde van die eerste eeu afgewyk van die By-

belse begrip van *laos* as volk van God en het die ampsdraers as 'n geslote stand te staan gekom teenoor die volk, die plebs, die gewone lidmate.[54] Liturgies sien ons dat die singende gemeente van die Nuwe Testament verstom en later slegs na spesiale kore moet luister.

Hierteenoor stel Neill[55] „The whole body of the Church is priestly". Maxwell beskryf die Klementynse liturgie van ongeveer 380 soos volg: „What is here portrayed is common worship; it is not a drama that may be watched but not shared, nor do we encounter the modern sacerdotalism of the single voice".

Die Hervormers stel die saak weer Skriftuurlik reg. Luther het beoog om die erediens, wat 'n *Officium Cleri* geword het weer om te skep in 'n *Officium Populi.*[56] Liturgies kom dit by beide Luther en Calvyn o.a. uit in die besielde gemeentesang, wat onder hulle leiding opbloei. J. S. Whale sien die teenstelling tussen Calvinisme en Rooms-Katolisisme daarin dat vir eg. die liggaam van uitverkorenes en vir lg. die priesterlike hierargie die konstitutiewe realiteit van die Kerk van Christus vorm.[57]

F. L. Rutgers beskou dat die beginsels wat Calvyn neergelê en toegepas het antiklerikaal en tegelykertyd ook anti-revolusionêr was. Die eenheid van die gelowiges in die Liggaam van Christus hef die valse teenstelling van leek en priesterdom op[58] en vermy daardeur die gevare van hierargie sowel as anargie. Die amp van die gelowige, soos vandag nog bely in art. 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, saam met die besondere ampte in die kerk, elk met sy eie taak, ook in die liturgie, is die enigste suiwere en standhoudende grondslag vir waaragtige *saamdoen* in die erediens. Hulle kan en moet saamdoen omdat hulle *saam* uitverkies is in Jesus Christus, „'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig" (1 Petr. 2 : 9).

### 5.4.2. *Kleiner gemeentes in die Afrikaanse Kerke*

Die liturgiese taak van die Kerk moet tans hier op aarde verrig word en daarom mag ons nie geografiese en demografiese feite uit die oog verloor nie. Neill beweer dat die Kerk in sy bloeitydperk dikwels geleef het in klein dorpies (villages) en dat hierin kerk en samelewingswêreld eintlik op klein skaal 'n eenheid geword het. Daardeur is die sg. „leke" outomaties ingeskakel in die volle lewe en aktiwiteit van die kerk. Die kerkgebou was feitlik in alle opsigte die sentrum van die dorp en gemeenskapslewe. In die moderne stad is die kerkgebou en kerklike lewe geografies en sosiologies gewoonlik heeltemal geskei van die lidmate se werkplek en ander sosiale aktiwiteite. In die jaar 1900 was daar agt stede in die wêreld met 'n bevolking van een miljoen. Vandag (1963) is daar 70, plus nog 30 wat vinnig daarheen groei.[59]

Die Afrikaanse Kerke worstel ook al hoe meer met die verstedeliking van die Afrikaanse volk. Die Nederduits-Gereformeerde Kerk het 'n deeglike studie hiervan gemaak en beklemtoon in sy verslag o.a. die nut en noodsaaklikheid van klein gemeentes.[60] Tot dieselfde

konklusie kom P. J. Jordaan wanneer hy „die geïnstrumenteerde klein gemeente" met ongeveer 400 belydende lidmate as ideaal stel terwyl wyksbyeenkomste en wyksgemeentes vir groot oorkoepelende gemeentes aanbeveel word.[61]

Die oog is hier in die eerste plek gerig op die pastorale aspek van die kerklike werk. Liturgies is dit egter net so belangrik. As liturg en lidmaat werklik wil saamdoen, moet hulle ten minste mekaar se taal ken en verstaan om saam te kan kerkhou. Nog meer: hulle moet in alle opsigte by mekaar en die gemeentelede onder mekaar tuis wees. Hoe *groter* en meer disintegrerend die stad is, hoe meer die lidmaat in *groot* sake en fabrieke werk, aan *groot* sportbyeenkomste en sosiale funksies deelneem, des te groter is sy behoefte aan *kleiner, meer intieme* omgangskringe. Daarom moet die gemeentes en wyke so klein en intiem moontlik wees. Êrens moet die mens skuiling vind teen die anonieme massaliteit van die stad. As hy dit nie in die Kerk vind nie, soek hy dit in bendes en selle. In die groot gemeente kan daar geen persoonlike kontak en wedersydse kennis wees tussen liturg en lidmaat nie. Daarom geld ook hier alte dikwels: onbekend maak onbemind en kry ons hier al gou weer, selfs op Protestantse erf, die teenstelling van priesters en leke.

In 1945 het die N.G. Kerk op die platteland gemiddeld 923 belydende lidmate per gemeente, in die stede 1,299, saam gemiddeld 1,013. Die gemiddelde aantal lidmate per ouderling is 84, per diaken 75, per leraar 1,014.[62] In 1972 is die getalle ongeveer soos volg: 660 lidmate per predikant, 222 gemeentes met minder as 500 lidmate en 398 daarbo; in Kaapprovinsie 79 lidmate per gemeente, in Natal 719, in die O.V.S. 720, in Suid-Transvaal 770, in Noord-Transvaal 897 en in S.W.A. 566.[63]

In 1952 het die Nederduitsch Hervormde Kerk 453 belydende lidmate per gemeente, 823 lidmate per predikant; in 1972 respektiewelik 450 en 664.[64]

In die Gereformeerde Kerk in S.A. het in 1933 elke gemeente 257 belydende lidmate en 525 per predikant; in 1973 222 en 323 respektiewelik. In 1973 bestaan 60 uit 260 gemeentes met minder as 100 belydende lidmate, 36 met 100 tot 150; 19 met 150 tot 200; 21 van 200 tot 250; 26 van 250 tot 300 — d.w.s. 162 met minder as 300 belydende lidmate; daar is nog 43 met 300 tot 400, en 55 bo 400.[65]

Dié statistiek van die jong kerke wat vrug van die sending is, was ongelukkig nie bekombaar nie (ook nie dié van ander Kerke in Suid-Afrika en oor die res van die wêreld nie). Die vraag is of hierdie groei na binne, d.w.s. toenemende seldeling, stigting van nuwe, kleiner gemeentes, 'n wêreldverskynsel is en of dit net 'n Suid-Afrikaanse of Afrikaanse verskynsel is.

Tans kom weer 'n moderne patroon van die vroeg-negentiende eeuse konventikels voor, nl. allerlei kleinere (en grotere) byeenkomste buitekant die instituut van die kerk.[66] So ontstaan daar ook weer huisgemeentes soos vanouds. Hier word dan liturgies soms by die nulpunt begin, aangesien hierdie mense, anders as dié van die onmiddellike na-Apostoliese tyd, nie eers die tradisie van sinagoge en tempel, asook die persoonlike kontak met die Apostels, het

nie. Hulle hou darem dikwels nog die Skrif en een of ander vorm van radikale *saam*wees en saam*doen* vas. Die erediens word dan dikwels 'n blote „happening".[67]

Deur nuwe, kleiner gemeentes vroegtydig af te stig, word verhoed dat die mense afkrummel van die bestaande instituut. In die nuwe, klein gemeente tel elke lidmaat weer, kerkregtelik, liturgies en andersins en ontstaan daar iets van die mooi en vrugbare gees van die jong kerk gedurende die eerste eeue.

### 5.5. *Sending, evangelisasie en liturgie. 'n Na-Konstantynse Kerk in diaspora*

#### 5.5.1. *Terminologie*

Met *sending* bedoel ons die uitdra van die Evangelie van Christus aan mense wat dit nog nooit gehoor het en glad nie ken nie. Met evangelisasie bedoel ons die verkondiging van die Evangelie aan mense wat wel van die Evangelie weet of geweet het, d.w.s. mense wat self of wie se ouers wel gedoop is. D.w.s. sending gaan na die heidene of soos dit soms vandag genoem word, „men of other faiths";[68] evangelisasie is gerig op afgedwaalde verbondskinders. Op die vraag of hier prinsipiële verskil gemaak en gehandhaaf moet word, gaan ons nie nou in nie.[69] Hoofsaak is hier dat die Evangelie na buite uitgedra moet word en welke rol die liturgie hierby moet speel. Die Engelse woord „evangelization" dek gewoonlik albei bg. begrippe, terwyl in die Duits onderskeid gemaak word tussen „innere" en „aussere" Mission.

Met *na-Konstantynse Kerk* bedoel ons die moderne Kerk in die tyd van dekolonisasie en algemene ontkerkliking. Vanaf Konstantyn die Grote het ons baie eeue te doen gehad met die gedagte en werklikheid van 'n *Corpus Christianum.* Dit het dikwels volledig in die vorm van staatskerk en staatsgodsdiens na vore getree. Dit beskou die hele gemeenskap „Christelik" (in elk geval offisieel). Die Christen kom ooreen met die meerderheid van sy samelewing in alles wat hy doen en onderneem.

Dit kom ook voor op sommige sendingvelde waar Christelike dorpsgemeenskappe soms rondom sendingstasies as kern ontstaan en 'n eenheid van min-of-meer Christelike gemeenskap vertoon. Saam met kolonialisme verval en verdwyn hierdie *Corpus Christianum* selfs in ou Christelike lande. Gevolglik moet die Christen dikwels op baie terreine van die lewe totaal alleen, los van sy mede-kerklidmate leef en werk. Die verskynsel doen hom voor in die Oosterse lande waar die Christene 'n absolute minderheid vorm, en gebeur vandag ook al in die eertydse „Christelike" Weste. Klein kerkies ondervind dieselfde bv. in 'n dorp van 10,000 inwoners net vyftig lidmate van die bepaalde kerk is. Hulle kom kerklik net op Sondae in die erediens saam en lewe in hulle beroep daagliks tussen ander mense van ander kerke en gelowe. Die moderne kerk raak weer in diaspora. Dit kom akuut voor in die kommunisties-regeerde lande maar ook net so goed in die V.S.A.[73] en ander lande.

3.5.2. *Ver-inheemsing of „indigenization" van die Kerk*

'n Ou en baie omvangryke probleem van die sending is dié van die eiesoortigheid van die Kerk onder verskillende volke.[70] Ook hier wil ons net konsentreer op die reeds genoemde nie-sondige verskeidenheid in en van die Kerk wat in die geskiedenis tot openbaring kom wanneer die Evangelie by nuwe volke met eie tale en kulture ingaan, vanaf die Hebreeuse in die Ou Testament, oor die Griekse in die Nuwe Testament tot by vandag se ses-kontinentale sending en veelvolkige Kerk.[71]

By hierdie geografies-kulturele dimensie van die verskeidenheid van volke kom egter ook die tydelike dimensie van na-mekaar wees. Die Nederlander van vandag is 'n ander mens in sekere sin as die Nederlander van die Middeleeue. Ons kry vandag selfs in dieselfde volk differensiasie wat nie geografies nie maar industrieel-tegnies is. Die fabriekswerker en die akademikus mag dieselfde taal praat, maar hulle verskil in lewenstyl en lewenstaak sodat binne die een taal belangrike verskeidenhede na vore tree. Dr. A. Kruyswijk, afgevaardigde van die Gereformeerde Kerken in Nederland, stel in sy betoog voor die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk in S.A. van 1973 dat die Evangelie nie net ver-inheems moet word vir en in die kerke onder die Bantoe in Afrika nie, maar ook vir die moderne Europese mens. Ver-inheemsing is dus net so aktueel by evangelisasie as by sending.

Dieselfde gedagte vind ons by Davies[72] wanneer hy sê: „A laity which is passive in relation to liturgical revision and passive in the forms of worship in which they are expected to engage will inevitably remain passive in the world ... The question of intelligibility and relevance is really the question of indigenization. Indigenization, i.e. the accommodation to and expression of the Gospel in terms of local contemporary culture, is often thought to be a problem solely for the 'native' Churches in Asia and Africa. However in the twentieth-century West, where thought and culture have changed immeasurably since the days of Christendom, indigenization or re-indigenization is just as much a problem and necessity".

5.5.3. *'n Geslote of oop kerk. Verbond en die apostoliese roeping van die Kerk*

Die punt wat Davies in die aangehaalde werk *„Worship and Mission"* maak, nl. dat die liturgie van die kerk deurslaggewend is t.o.v. die aktiwiteit al dan nie van lidmate in die wêreld buite die kerk, werk hy volledig uit. Volgens hom is die liturgie in die verlede slegs in een rigting, nl. na binne bestudeer en ondersoek, d.w.s. in verband met die innerlike opbou van kerk en gemeentelede. Hy sê: „We must seek to understand worship *outwardly* in terms of mission". Om ons rekenskap te gee van die betekenis van liturgie in sy gerigtheid na buite moet die verkeerde skeiding van liturgie (worship) en daelikse lewe opgehef word.

Hy stem saam met Bonhoeffer dat dit geen twee aparte werklikhede is nie. Die kerk moet God dien ten behoewe van die wêreld.

Sending is sentraal in die teologie omdat dit uit die wese van God ontspruit. „It is not the consequence of a command but the outgoing expression of a Divine Love". Die Drie-Eenheid van God en nie die kerk nie is die uitgangspunt van die sending. Hy kom naby aan die apostolaatsteologie deur die stelling dat sending die bestaan en wese van die kerk is. „One must admit the justice of the statement that every parish is either a missionary community 'or it is not a Christian parish at all, but a vestigial remnant of cultural Christendom' ". Hy haal die verbond ook herhaaldelik aan en sien dit as „the royal charter" van die Kerk.[74]

Dit bring ons by die verhouding en onderskeiding van verband en verbond. Soos ons elders volledig aangetoon het,[75] het ons by die Drie-Eenheid die „noodwendige" verband van die Vader, Seun en Heilige Gees onder mekaar soos o.a. bely in die Athanasium. Daarnaas het ons die „vrye" of „kontingente" Vreeverbond, Pactum Salutis. Lg. spruit wel uit die aard van God, wat liefde is. Dit bly egter vry: God kon dit gelaat het as Hy wou. Net so is daar by die mens noodwendige verbande, bv. tussen ouer en kind, maar ook vrye verbonde, soos bv. die huwelik. Die verbond van God met Adam en die genadeverbond in Jesus Christus mag nooit vereenselwig word met een of ander natuurlike verband nie. Die Jode het dit gedoen toe hulle hulle teenoor Christus daarop beroep dat hulle kinders van Abraham is (Joh. 8). Dit kom neer op 'n geslote verbond, wat stam (of volk) en kerk identifiseer en gevolglik alle sending en evangelisasie in die wortel afsny, want dan mag en kan niemand van buite af inkom nie. Hy is deur geboorte daarbuite of doodveilig binne vanweë geboorte. Die verbond is in sekere sin 'n sif: 'n deel van Israel is uitgesif (Rom. 9—11). In die sin is die verbond oop, verbreekbaar, soos by Esau en Ismael. Hy is ook oop in die sin dat uitverkorenes van buite (uit ander volke en stamme) in die verbond mag ingelyf word en wel deur die doop (Matt. 28 : 19). Die verbond is egter nie net oop nie, maar ook die saamsluiting van die uitverkorenes in die volk van God. Die koninkryk op aarde wat reeds gekom het is indikatief en tegelykertyd egter ook weer imperatief, wat gerig is op die toekomstige volheid van die Voleinding. Die liturgiese betekenis daarvan probeer Davies dan volledig uitwerk.

Jonker verhaal 'n staaltjie uit 'n evangelisasie voorval, alwaar 'n jong paar buite-kerklikes hulle as lidmate by die Kerk gevoeg het omdat die liturgie en gees in 'n bepaalde gemeente hulle aangelok het; maar op 'n ander plek is hulle weer uit die kerk omdat hulle ontuis gevoel het.[76] Neill wys daarop hoedat die Christendom in die eerste eeue gegroei het o.a. omdat die plaaslike kerk (gemeente) in sy wêreldverband, 'n hegte en besielende liefdeseenheid geword het. Dit het 'n geestelike rusplek geword vir die destydse moderne mense wat losgeslaan was van hulle ou plaaslike sekerhede en geen troos kon vind in die vae wye Stoïsynse wêreldburgerskap nie. Die plaaslike verbondsgemeenskap in die gemeente was bestendig en „geslote" genoeg om 'n geestelike tuiste te kan wees; maar ook oop genoeg om almal wat glo van buite af hartlik te verwelkom.[77]

Hierdie openheid geld nie net t.o.v. individuele mense, wat tot

bekering kom nie, maar ook volkere en nasies (Matt. 28) met eie taal en kultuur. Hierdie nie-sondige verskeidenheid moet tot sy reg kom soos reeds gestel. Daar moet egter ook 'n openheid wees vir die losgeslane individu in die wêreldstad. Dit moet egter nie so oop wees dat die gemeente geen sentrum van aanbidding en opbouing kan wees nie. Die plaaslike gemeente of kerk is hierin net soos 'n lewende sel: 'n sel wat deur 'n verharde selwand so geslote geraak het dat geen lewensappe van buite kan inkom nie, sterf; die sel, waarvan die selwand verskeur is, sterf ook. Die apostolaatsteologie wat van die kerk blote gebondenheid maak, vernietig die lewe-behoudende selwand; die ander uiterste gebeur wanneer van die verbond 'n natuurlike verband gemaak word. Dit laat die sel sterf aan 'n verdikte selwand, wat niks laat binnekom nie.[78] (Vgl. Heid. Kat., vr. en antw. 81 tot 85.)

Hierdie suiwere openheid is vanuit die plaaslike kerk deur die kerkverband gerig op die universele kerk wat in die voleinding in sy volle volheid op die nuwe aarde as die nuwe Jerusalem sal neerdaal. Intussen is dit ook gerig op die wêreld, waarvan Satan tydelik die owerste is, maar wat nog altyd God se wêreld bly en waaruit deur sending en evangelisasie God se uitverkore kinders wat nog buite is of na buite verdwaal het, na binne gebring kan word (Joh. 3 : 16—18). Die moderne Christene wat in diaspora soms eensaam in die wêreld verkeer en werk, moet telkens weer kan tuis kom en tuis kan voel in die plaaslike kerk, om nuwe krag te vind en geaktiveer te word om weer uit te gaan en ander te gaan haal, uitverkorenes, wat nog nie tot bewuste geloof en belydenis gekom het nie.

Hierdeur moet die kerk se liturgie gedra en gevorm word, volgens die Skrif, onder leiding van die Heilige Gees, hier op God se aarde, waarvan ons elke Sondag bely dat Hy die Skepper en Onderhouer is. Ook die liturgie moet Trinitêr gefundeer wees, by God, die Vader, Skepper van hemel en aarde, deur Jesus Christus, ons Verlosser, in die Heilige Gees op die weg van dankbare heiligmaking. Dit is die sleutel van al die probleme, waarvan ons sommige in die volgende paragraaf probeer ontleed.

Prof. dr. D. C. S. van der Merwe, Potchefstroom.

*(word vervolg)*

---

25 Fendt: a.w., p. 253.

26 H. Bavinck: „Gereformeerde Dogmatiek", II, p. 282, 284 en verder. Kok, Kampen, 1928.

27 Bakhuizen van den Brink: „Handboek der Kerkgeschiedenis", I, p. 162. Bakker, Daamen, Den Haag, 1965.

28 Bakhuizen van den Brink: a.w., II, p. 64.

29 A.w., p. 46.

30 T. Wever, Franeker, 1965.

31 Algra: a.w., p. 167 en verder.

32 Fendt: a.w., p. 253.

33 H. Jonker: „Liturgische Oriëntatie", 2e druk, Zomer en Keuning, Wage-

ningen, s.j.
34 Algra: a.w., veral Hfst. XII.
35 Idem, pp. 304 en 334.
36 J. H. Landwehr: „Handboek der Kerkgeschiedenis", IV, p. 103. Kok, Kampen, 1924.
37 „'n Nuwe Deurbraak", Pro Rege, Potchefstroom, 1963, p. 7 en Hfst. 6.
38 K. S. Latourette: „The Expansion of Christianity", soos aangehaal deur G. C. Oosthuizen, 1968, „Die Oes", Jrg. 12, nr. 3, p. 5.
39 „Schism and Renewal in Africa", Oxford University Press, Nairobi, ens., 1968.
40 Sundkler, B. G. M.: „Bantu Prophets in S.A.", Lutterworth Press, London, 1948.
41 Oorsig in Christelijke Encyclopedie, III, pp. 505—7 en IV, pp. 471—2.
42 Lescrauwaet: a.w., p. 156.
43 Chr. Enc., II, pp. 411—413.
44 Lescrauwaet: a.w., p. 205.
45 Chr. Enc., IV, p. 472.
46 „Orden voor de eredienst van de Geref. Kerken in Nederland". Kok, Kampen, 1966.
47 Baird, C. W.: „Presbyterian Liturgies", Baker Book House, Grand Rapids, 1957.
48 J. A. Heyns: „Die sin van die erediens", Sacum, Bloemfontein, s.j.; „Rondom die erediens"; P. J. de Bruyn: „Aktiewe kerkgangers", Pro Rege, 1962; W. J. de Klerk: „Wending", Pro Rege, 1964; dr. H. G. van der Westhuizen 'n stuk „Die Liturgie" in „Die Hervormer" van Feb. 1973.
49 C.J. Boekefonds, Potchefstroom, 1957.
50 Handelinge van die tweede vergadering van die Algemene Sinode van die N.G. Kerk, 1966, p. 394. My hartlike dank aan dr. S. J. Eloff van Potchefstroom wat my vriendelik behulpsaam was met die gegewens van die N.G. Kerk.
51 My hartlike dank aan dr. P. J. Koekemoer van Potchefstroom, wat my hierdie en ander gegewens van die Nederduitsch Hervormde Kerk gegee het.
52 Handelinge genoem hierbo onder 50, p. 394 en ook 46, p. 47.
53 „The Layman in Christian History", red. S. Neill en H. Ruedi. Weber, SCM Press, London, 1963, p. 322 en 282.
54 H. Kraemer: „A Theology of the Laity", Lutterworth, London, 1959, pp. 49 en 50.
55 Idem, p. 15.
56 Fendt: a.w., p. 256.
57 Whale: a.w., onder 21 genoem, p. 154.
58 F. L. Rutgers: „De beteekenis der gemeenteleden", Van Schaik, Amsterdam, 1906, p. 21.
59 Neill en H. R. Weber: a.w., p. 20.
60 J. R. Albertyn, e.a.: „Kerk en Stad", Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1947, p. 95 en 148.
61 P. J. Jordaan: „Die Sosiale Probleme en taak van die kerk in die industriële gebied", proefskrif, Potchefstroom, 1969, p. 245.
62 Albertyn: a.w., pp. 126, 130, 148.
63 Jaarboek van die N.G. Kerke, 1972.
64 Almanak van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, 1973, p. 194.

65 Almanak van die Geref. Kerk in S.A., 1933 en 1973.
66 Readers Digest, Mei 1971, pp. 81—85.
67 Die geval Wilgespruit soos onlangs vermeld in die Volksraad en pers.
68 A. G. Honig, jr.: „De Kosmische Betekenis van Christus", Kok, Kampen, 1968.
69 D. C. S. van der Merwe: „Sending en Verbond", Potchefstroom, 1965, p. 337.
70 I. J. van der Walt: „Eiesoortigheid en die sending", Pro Rege, Potchefstroom, 1963.
71 A. G. Honig, jr.: a.w.
72 J. G. Davies: „Worship and Mission", SCM Press, London, 1966, p. 148 en voetnoot daaronder.
73 Neill en Weber: a.w., p. 368 en verder.
74 Davies: a.w., pp. 7, 13, 31, 38 en 83.
75 Selfde as 69, p. 210 en 315 en verder.
76 H. Jonker: a.w., p. 9 en verder.
77 Neill, soos aangehaal by 24, p. 41.
78 Kraemer: a.w., p. 158.